doodmoeg uit die veld daar aan en sê vir Jakob: "Laat my gou die rooi goed wegsluk, van daardie rooi goed. Ek is doodmoeg!" Daarom is hy Edom genoem" (Gen 25:29,30). Die naam *Edom* herinner aan die Hebreeuse woord vir "rooi." Die herinnering aan voorvalle op bepaalde plekke (vgl Gen 28:10-19), of voorvalle rondom bepaalde mense (vgl Gen 35:16-18), is dikwels deur 'n naam vasgelê; name wat dié plek of dié voorval tekenend beskryf het. Adam het byvoorbeeld sy vrou *mannin* genoem omdat sy uit die man geneem was (Gen 2:23) en later het hy haar Eva genoem omdat sy moeder geword het van al die mense (Gen 3:20). As daar dus enige beskrywende betekenis in die vorming van die mens uit die grond of stof van die aarde in die naam Adam vasgelê is, kan daar uit die naam Adam afgelei word dat die eerste mens soos die grond gelyk het waaruit hy geneem is. Daar bestaan swart grond, bruin grond, wit grond of rooi grond. Omdat die woord *adam* egter in sy grondbetekenis rooi, rooiagtig of rooibruin beteken, kan daaruit afgelei word dat Adam rooibruin van kleur was. Van Dawid is byvoorbeeld gesê: "Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad ..." (1 Sam 16:12).

## 13
## Die verskil in velkleur by die mens

As Adam en Eva alle mense se voorouers is (vgl Rom 5:12; Hand 17:26) en as die velkleur van Adam rooibruin was, waar kom die verskil in velkleur by die mens vandaan? Dit kan wees dat God die mens van die begin af gemaak het met die vermoë om in 'n verskeidenheid van tipes en vel-



kleure en tale te kan ontwikkel, presies soos dit by die plante, vrugtebome en diere die geval was. Ons noem dit mutasie binne 'n bepaalde soort. So kry ons byvoorbeeld 'n verskeidenheid van dahlias en druiwe, van honde en perde. Hierdie verskeidenheid sou later in die geval van die mens so skerp na vore tree, dat daar voorvalle van kleur vooroordele onder die Israeliete was. Mirjam en Aäron het vir Moses aangespreek oor die Kussitiese vrou wat hy gevat het (Num 12:1), maar die toorn van die Here het daaroor teen hulle ontvlam (Num 12:3-16). Daar was ook taalvooroordele onder die vroeë Christene. Ons lees: "In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreeussprekendes klagtes gekom van die Grieksprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word (Hand 6:1). Dit was die direkte aanleidende oorsaak tot die verkiesing van die eerste sewe diakens met die opdrag om die versorging van die weduwees in die daaglikse versorging nie te verwaarloos nie (Hand 6:2-5).

Die eienaardige in verband met die verskil in velkleur by die mens, is dat ons eensklaps daarvan verneem en wel so skielik dat drie verskillende velkleure by drie seuns van dieselfde ouerpaar opgemerk word. Die heel eerste keer dat ons van 'n ander velkleur by die mens verneem, is by die geboorte van Gam. Die naam van 'n baba is gewoonlik by sy geboorte gegee (vgl Gen 4:1,25,26). Verder is volgens die gebruik, opvallende kenmerke by kinders ook in hulle name vasgelê. Die oudste seun van Rebekka was byvoorbeeld by geboorte rooi, geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom *Esau* genoem (Gen 25:25). Daarna is

die ander broer gebore, terwyl hy die hakskeen van sy broer vashou. Daarom het hulle hom *Jakob* genoem (Gen 25:26).

Die naam Gam, wat hy ook by sy geboorte al ontvang het, kom waarskynlik van die Hebreeuse woord *Chamam* wat beteken "om warm te wees" en dus moontlik "songebrand" of "donker van vel." Sommige van die nasate van Gam is Kus, dit is Etiopië en Misraim, dit is Egipte (Gen 10:6), wat "die land van Gam" genoem is (Ps 105:23; 106:22) en hulle tel onder die donker-vel volke van die aarde. Die nasate van Gam het hulle meer bepaald rondom die Middellandse See en in Afrika gevestig. Sem se nasate het in die rigting van die ooste getrek (Gen 10:30) en verteenwoordig hoofsaaklik die geel nasies, waaronder ook Israel gereken word (Gen 10:21-31; 11:10-32). Jafet se nasate het na die weste toe koers gevat (Gen 10:5) en verteenwoordig meer bepaald die wit nasies. Ons sien dus dat Noag drie seuns gehad het waarvan die velkleur van mekaar verskil het. Sem se nasate is geel, Jafet s'n wit en Gam s'n swart. Hoe kan dit verklaar word?

Juis die feit dat een van Noag se kinders Gam genoem is, dui ongetwyfeld daarop dat hier in die geslagslyn van Set iets vreemds of nuuts plaasgevind het. Dit is redelik om aan te neem dat indien die geboorte van swart kinders uit die geslagslyn van Set 'n algemene verskynsel was, hulle dié baba nie Gam sou genoem het nie, want dit was gewoonlik opsigtelike eienaardighede wat in 'n naam vasgelê is (vgl Gen 25:25,26). Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n ouerpaar van dieselfde velkleur drie kinders kan hê van drie verskillende velkleure. Dit is alleen redelik moontlik as een van



die twee, die man of die vrou, 'n ander velkleur gehad het.

As die velkleur van Noag rooibruin was, omdat sy stamvader Adam se vel rooibruin was en hy getrou het met 'n meisie uit sy eie geslagslyn, die Settiete (Gen 5:6-32), dan is dit volgens die leer van die oorerwing van Gregor Mendel, onwaarskynlik dat twee mense van dieselfde rooibruin kleur aan 'n swart kind geboorte sou gee. Dit lyk redelik om te aanvaar dat een van dié twee (Noag of sy vrou) se velkleur intussen swart geword het. Indien Noag egter getrou het met 'n meisie uit die geslagslyn van Kain (Gen 4:17-24) en haar velkleur swart was, kan die antwoord vir die raaisel dalk hier gevind word, want die Skrif vermeld net dié twee geslagslyne op aarde tot op die tyd van Noag, dié van Kain en dié van Set (Gen 4:17-24; 5:6-32). Daar was natuurlik baie meer as net dié twee geslagslyne, want Adam en Eva het ook ander kinders gehad (Gen 5:4), maar die Skrif gee gewoonlik net dié name en dié geslagslyne wat vir die verloop van die heilsgeskiedenis nodig was. Daar kon ook intussen, vir sover ons weet, ondertrouery tussen die verskillende geslagslyne voorgekom het. Die geslagslyne van Set en van Kain word egter duidelik aangetoon. Dit was volgens die getuienis van die Skrif eers in die dae van Noag dat die "seuns van God" (dit is die Settiete) met die "dogters van die mense" (dit is die Kainiete) getrou het (Gen 6:1,2), dit wil sê dat die Settiete met spesifiek die Kainiete vermeng het. Na die betekenis van die uitdrukkinge "seuns van God" en "dogters van die mense" keer ons 'n bietjie vorentoe terug. Dit was eers in dié tyd dat een van Noag se kinders swart gebore is. Die gebeure was so vreemd

dat die kind by sy geboorte Gam genoem is om die vreemde gebeurtenis in sy naam vas te lê.

Dit is egter onwaarskynlik dat die Settiete eensklaps, sonder enige rede en wel by geboorte, van velkleur sou verander het, behalwe as een van die twee, Noag of sy vrou, anderskleurig was. Dit kon egter wel deur 'n Goddelike ingryping eensklaps plaasgevind het, maar ons lees van geen krisis in dié geslagslyn van Noag wat dalk tot so iets aanleiding kon gegee het nie, behalwe vir die feit dat Noag waarskynlik ook met een van die "dogters van die mense" getrou het. Die Settiete het die Here gedien. Trouens, ons lees dat toe daar vir Set 'n seun gebore is, het hy hom Enos genoem en het die Settiete begin om die Naam van die Here aan te roep (Gen 4:26). Dit word nie van die Kainiete gesê nie. Ongehoorsaamheid by een van die voorvaders kan dinge vir die nageslag natuurlik drasties verander. Dink maar aan Jojagin, die voorvader van Josef (Matt 1:12-16). Hy het aan God ontrou geword en Jeremia het van Jojagin gesê, dat geeneen van sy nageslag ooit op die troon van Dawid sal sit nie (Jer 22:29,30). Van so iets in die geslagslyn van Set lees ons nie in die Bybel nie. Tog het Noag vader geword van drie seuns waarvan die velkleur van aldrie by geboorte verskillend was. Jafet was wit, Sem was geel en Gam was swart. Daar moet 'n rede voor gewees het. 'n Rede vind ons nie in die geslagslyn van Noag nie. Noag het, volgens 'n Joodse tradisie, nou wel getrou met een van die meisies uit die geslagslyn van Kain (vgl Gen 6:1,2), maar hy het nie sy geloof verloor nie. Die Skrif getuig van hom: "Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het



naby God geleef" (Gen 6:9). So iets kan egter nie van die geslagslyn van Kain gesê word nie.

Kain was 'n saaiboer en sy broer Abel 'n veeboer. Hulle albei het begin om aan God van hulle goed as offers te bring. Die offer van Abel is deur die Here aanvaar, maar nie dié van Kain nie. Om dié rede het Kain toe sy broer Abel doodgeslaan (Gen 4:1-8). As gevolg hiervan sou die grond van die aarde nie meer sy opbrengs aan Kain en sy nasate gee nie. Kain het vir God gevra om hom teen die ander mense te beskerm wat hom dalk uit weerwraak sou wil doodmaak oor wat hy gedoen het. Die Here het toe aan hom 'n teken gegee sodat niemand wat hom raakloop hom sou doodmaak nie (Gen 4:1-15). Dit was nie 'n teken van versoening of vergifnis nie, maar 'n teken om hom teen weerwraak te beskerm. Die Kainiete het nie die Here gedien nie.

Die Bybel sê nie vir ons wat die teken was nie, maar dit is redelik om aan te neem dat dit 'n teken was wat vir die blote oog sigbaar moes wees, want daar word gepraat van mense wat Kain sou raakloop (Gen 4:15) en dus onmiddellik moes weet dat hulle hom nie uit weerwraak mag doodmaak nie. Dit was dus ongetwyfeld 'n teken aan sy liggaam wat maklik sigbaar was, want hoe anders sou die mense geweet het dat hulle hom nie mag doodmaak nie? Dit is dus redelik om te aanvaar dat sy velkleur skielik verander het. As seun van Adam was sy velkleur rooibruin. As dit geel of wit geword het, sou die verandering in velkleur, van rooibruin na geel of wit, nie opvallend genoeg gewees het om onmiddellik uitgeken te word nie. Dit is dus redelik om te aanvaar dat die velkleur van Kain swart geword het. Dit gee ook die enigste

redelike verklaring hoe daar later vir Noag 'n swart kind gebore kon word, omdat hy blykbaar met 'n meisie uit die geslagslyn van Kain getrou het. Daar is ook 'n Joodse tradisie wat sê dat Noag met Naäma *(Naamah)* uit die geslagslyn van Kain (vgl Gen 4:22) getroud was.

Indien Noag se vrou uit die geslagslyn van Kain was en sy swart van velkleur was en haar seun Gam ook swart van velkleur was, soos dit uit sy naam afgelei kan word, is dit redelik om te vra, of die feit dat Gam die velkleur van sy moeder gekry het, dit nie ook van God se kant af, 'n aanduiding is dat Gam en sy nasate die geslagslyn van Kain voortgesit het nie? Indien dit die geval is, beteken dit dan nie ook dat die vloek wat God oor Kain uitgespreek het, naamlik dat as hy die grond bewerk, dit nie sy opbrengs vir hom sal gee nie (Gen 4:11,12), ook van Gam se afstammelinge waar sal wees nie? Ons sien byvoorbeeld in Genesis 49:1-28 waar Jakob sy seuns geseën en vir hulle gesê het "wat met hulle nageslagte sal gebeur" (Gen 49:1), dat die seuns se afstammelinge duidelik die kenmerke van hulle voorvader en sowel die vloek (vgl Gen 49:5-7) as die seën (Gen 49:8-12) van hullle stamvader deelagtig word en volgens hierdie beginsel die afstammelinge van Gam ook die draers van Kain se vloek is. Dit beteken dat hulle dus nie landbouers sal wees nie, maar as veeboere of op 'n ander wyse 'n lewensbestaan sal moet probeer maak. Indien ons afleiding korrek is, sal dit beteken dat die donker vel volke goed sal doen om die Semiete of Jafiete in hulle grondgebied toe te laat om namens hulle die grond vir hulle te bewerk sodat daar nie dalk hongersnood in hulle lande sal kom nie.



Daar is nog 'n rede waarom ons iets oor die verskil in velkleur moet sê en dit is omdat daar deur sommiges gesê word dat swart mense nie gered kan word nie. H.G. van der Westhuizen skrywe: "In hierdie kringe word die eerste tema *(grace)* grootliks verder agterweë gelaat en oorvloei met die tweede tema *(race)*." Die feit dat die grond nie meer sy opbrengs aan Kain sou gee nie (Gen 4:12) en die feit dat die teken wat hy ontvang het, nie 'n teken van versoening was nie, maar 'n teken vir die beskerming van sy lewe (Gen 4:15), beteken egter nie dat die afstammelinge van Kain of van Gam nie gered kan word nie. Die Bybel vertel ons van 'n Etiopiër – *anér Aithiops* – wat gered is (Hand 8:26-39) en die Etiopiërs is die afstammelinge van Kus, 'n seun van Gam (Gen 10:6-8). F.N. Lee skrywe: "Certainly some of Ham's descendents, such as Cush (i.e. Ethiopa) and Mizraim (i.e. Egypt), were dark-skinned peoples (cf. Gen 10:6; Ex 12:36-38; Ps 105:23; Jer 13:23)." Die Griekse aanhaling in Handelinge 8:32,33 van Jesaja 53:7,8, wat die Etiopiër gelees het, kom ooreen met die LXX, die Griekse vertaling van die Ou Testament. R.J. Knowling skrywe: "As the following citation proves, he was reading from the LXX, and the widespread knowledge of this translation in Egypt would make it probable a priori (Wendt)." Hy het dus nie die Hebreeuse Bybel gelees nie, maar die LXX. Die Etiopiër was klaarblyklik nie 'n Israeliet nie, maar 'n Jodegenoot, dit is 'n proseliet (vgl Hand 2:10,11). J. Rawson Lumby skrywe: "This word – *prosélutos* – signifying one who has come over, is mainly employed of converts from heathen-ism to the religion of the Jews." Sommige reken

egter dat ons nie uit die feit dat hierdie man 'n Etiopiër was, kan aflei dat hy swart was nie; daar is byvoorbeeld swart en wit Amerikaners. Dit is waar dat die Bybel nie sê dat hy swart was nie, maar die Bybel sê ook nie dat hy wit was nie. Die stilswye van die Bybel op hierdie punt, laat die moontlikheid na beide kante toe oop; hy kon swart of wit gewees het. Petrus het verklaar: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is" (Hand 10:34). Die Ou Testament praat byvoorbeeld van Egiptenaars en Assiriërs wat in die gemeente opgeneem kon of sou word (Deut 23:7,8; Jes 19:23-25). Die "kinders uit hulle derde geslag," is die derde geslag van die wat in Israel ingetrek het. Hulle kon, ná besnydenis, in die volksgemeenskap opgeneem word. Die Egiptenaars en Assiriërs is afstamelinge van Gam (Gen 10:6-11). Paulus skrywe: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry is, man of vrou is nie, in Christus Jesus is julle almal een" (Gal 3:29,30; vgl Ef 3:3-6). In Openbaring lees ons van Jesus: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie" (Op 5:9). Dit is uit die Skrif oorvloedig duidelik dat alle mense (vgl 1 Tim 2:4), dit wil sê, ook swart mense, gered kan word. Maar hoe weet ons dat Noag se vrou swart was? Kom ons kyk.

In die tyd van Noag het daar 'n verskriklike ding gebeur. Daar staan geskrywe: "Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is, het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle getrou



met die dogters van hulle keuse" (Gen 6:1,2). Die Hebreeuse teks praat van "seuns van God," nie van 'hemelwesens' nie. Lee skrywe: "The angels are sometimes called "the sons of God" (cf. Job 1:6 and 38:7), but as angels cannot marry (Matt 22:30), the reference must almost certainly be to the covenental Sethites (cf. Luke 3:38, cf. John 1:12)." Die resultaat van hierdie huwelike was die geboorte van "reuse" en die toename in die verdorwenheid van die mens op die aarde (Gen 6:1-6). Lee skrywe: "The Hebrew word translated by "giants" is *nephilim*, which actually means: "the fallen ones," thus indicating moral degeneration as result of racial miscegenation between the "sons of God" and the "daughters of men." En ook: "And the same became mighty men (or literally: 'men of strong violence')." God was hiermee nie tevrede nie en het besluit om al wat lewe van die aarde weg te vee, maar om Noag en sy huis te spaar (Gen 6:5-8).

Dit bring ons onmiddellik by die vraag wie die "hemelwesens" is van wie hier gepraat word? Die vertaling van *bené haelohim* met "hemelwesens" kan nie aanvaar word nie, want Jesus het geleer dat engele nie trou nie (Matt 22:30) en dus nie in staat is om kinders by mense te verwek nie. Die woorde *bené haelohim* verwys natuurlik ook na engele soos dit in die boek Job duidelik word (Job 1:6; 2:1). Die feit dat die Satan ook onder "die hemelwesens" voor God gestaan het, dui daarop dat die Satan toe nog nie uit die hemel verban was nie (vgl Luk 10:18; Op 12:9). Die woorde *bené haelohim* verwys egter nie altyd na engele nie.

Letterlik vertaal, beteken die woorde *bené haelohim* in Genesis 6:2, "seuns van God" (of gode) en hooggeplaaste mense word ook in die Bybel

"gode" genoem. (Vgl Eks 4:16 en Ps 82:6 met Joh 10:34,35.) Die uitdrukking "seuns van" of "dogters van" wys gewoonlik in die Skrif na 'n bepaalde groepering van mense. So wys die uitdrukking "seuns van die profete" (vgl 2 Kon 2:3), letterlik vertaal, na die profetekorps en die woorde "dogters van Israel" (Rig 11:40), letterlik vertaal, na Israelitiese meisies. Dat die woorde "seuns van God" in Genesis 6:2 na hooggeplaaste mans verwys en nie na engele nie, kom nog sterker uit in Genesis 6:3 waar ons lees: "Toe sê die Here: 'My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees." Hoekom sal God Hom na die onder-trouery so sterk teenoor die "mens" uitspreek, as dit "hemelwesens" was wat die oortreding begaan het? Hoekom moet die aarde met 'n ramp getref word as dit "hemelwesens" was wat die kwaad begin het?

Die konteks waarin alles hier afspeel, dwing ons dus om die tradisionele standpunt te handhaaf, naamlik dat die *bené haelohim* in Genesis 6:2 verwys na die hooggeplaastes onder die afstammelinge van Set, die gelowiges (vgl Gen 4:26; Ps 82:6; Joh 10:34,35; Hand 17:28,29), terwyl die "dogters van die mense" verwys na die afstammelinge van Kain, die ongelowiges. Die "reuse" (vgl Gen 6:4) wat uit hierdie verbintenis tussen die gelowiges en die ongelowiges gebore is, kan mense aandui wat liggaamlik groot van gestalte was (vgl Num 13:32,33), maar uit die verband wil dit eerder voorkom asof hier na mense verwys word wat geweldige boosdoeners was.

As daar na "die dogters van die mense" verwys word, word, letterlik vertaal, gepraat van "almal



van hulle" (Gen 6:2). Onder die woord "almal," kan geredelik aanvaar word, dat dit vrywel 'n algemene praktyk onder die hooggeplaastes geword het, byna so asof dit sonder uitsondering gedoen is en dat Noag, as een van die hooggeplaastes, ook met een van "die dogters van die mense" getrou het, maar dat net hy van almal kop gehou het, want ons lees: "Noag was 'n regverdige man: Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef" (Gen 6:9). Daarom het God besluit om hom en sy gesin – altesaam ag mense (1 Pet 3:20) te spaar; alle ander mense is uitgewis (Gen 6:13; 7:11-23; Matt 24:39). Noag was dus klaarblyklik getroud met 'n vrou uit die geslagslyn van Kain en die velkleur van die Kainiete was vermoedelik swart.

Dan lees ons verder: "Noag se seuns wat uit die ark gekom het, was Sem, Gam en Jafet. Gam was die pa van Kanaän. Dit was Noag se drie seuns en uit hulle is die hele aarde bevolk" (Gen 9:18,19). Dit beteken dat Noag en sy vrou die stamouers is van alle mense wat vandag op die aarde lewe; sy velkleur was rooibruin, haar vel was vermoedelik swart. Die drie seuns van Noag verteenwoordig as stamvaders die drie hoofgroepe van mense op die aarde: die afstammelinge van Sem, die geel nasies, 'n mengsel tussen 'n vader met 'n rooibruin velkleur en 'n moeder met 'n swart velkleur; die afstammelinge van Jafet, die wit nasies, wat hoofsaaklik terugslaan na die rooibruin velkleur van Noag; en dan die afstammelinge van Gam, die swart nasies, met 'n velkleur wat terugslaan na die swart velkleur van Noag se vrou. Die ander velkleure op aarde het ontstaan as gevolg van

ondertrouery tussen hierdie drie hoofgroepe, die nasate van Gam, Sem en Jafet.

## 14
## *Die taal van die mens*

Toe die Here die mens gemaak het, was die mens iemand met wie Hy kon praat (Gen 1:28) en een wat God kon antwoord (Gen 3:10). Daaruit mag ons aflei dat die vermoë om te kan praat, met die skepping van die mens aan die mens gegee is. Die mens het nie eeue geneem om 'n spreektaal te ontwikkel nie. Die taal behoort dus tot die wese van die mens. Deur sy taal onderskei die mens hom dan ook van die dier. Watter taal die mens gepraat het, weet ons nie.

Tot by die toring van Babel het die mense net een taal gepraat (Gen 11:1). Eers dáár het die verskillende tale ontstaan (vgl Gen 10 en 11). Hoe het dit gebeur? God het die mens aan die begin beveel om die aarde te bewoon en te bewerk (Gen 1:28), maar hulle het by 'n vlakte in Sinar vasgesteek (Gen 11:2-4). Toe het God die mense gedwing om oor die hele aarde te woon, deurdat Hy hulle taal verwar en hulle oor die hele aarde verstrooi het (Gen 11:5-9) en het Hy ook die grense van hulle woonplek vasgestel (Deut 32:8). Die Here het dus die mens in sy onwilligheid te hulp gekom en hom sodoende in staat gestel om aan sy Godgegewe opdrag gehoorsaam te word. Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is die verskillende tale nie opgehef nie en het die Heilige Gees nie die optrede van God by die toring van Babel (vgl Gen 11:1-9) gekanseleer nie, maar inderdaad bekragtig,



deurdat almal die evangelie gehoor het in die taal waarin hulle gebore was (Hand 2:8).

## 15
## *Die huwelik*

Die huwelik is 'n alomvattende, lewenslange, samelewende liefdes- en geloofsverbintenis tussen een man en een vrou. Die feit dat man en vrou vir mekaar geskep is, terwyl die geslagsonderskeid aangelê is met die oog op die intiemste verbintenis in die huwelik, maak dit duidelik dat die huwelik nie deur die mens uitgevind is nie, maar deur God self ingestel is. Terwyl in die geboorte van 'n kind net één man en één vrou deel kan hê, kan aan die twee-eenheid van die huwelik uit die aard van sy samestelling nooit waarlik 'n derde of meer deel hê nie. Daarom moet veelmannery of veelwywery afgewys word. Die monogame huwelik (een man en een vrou) word dan ook in die Nuwe Testament afgekondig (Matt 19:4; Ef 5:31).

Hierdie verbintenis is alomvattend omdat dit die wedersydse inset en oorgawe van die liggaamlike en geestelike bestaan, sonder enige voorbehoud, veronderstel. God het vir Adam 'n hulp gemaak wat by hom gepas het (Gen 2:18 – 1953 vertaling). Die bedoeling met hierdie opmerking is dat die vrou aanvullend, ondersteunend en in staat stellend tot die man sal wees. Sy is aanvullend, omdat sy die tekorte in die man aanvul. Sy is ondersteunend, omdat sy die man as broodwinner in sy dagtaak bystaan. Sy is in staat stellend, omdat sy die man in staat stel om sy werk sonder